# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP VRYDAG 31 MEI 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(sluit virtueel aan om 09:05, waarna hy konneksie probleme ervaar tydens die vergadering)* |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite *(waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. N Williams | : | Hoof: Rampbestuur |
| Mnr. CA Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste en Wetstoepassing |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/05/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Daniels die vergadering open met gebed.

Die Voorsitter deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.

***

**BKN002/05/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste - siekverlof

Op versoek van die Voorsitter verlaat die Klerk: Komitees die vergadering om met Raadslid Moolman op te volg wat virtueel ingeskakel moet wees waarna Raadslid Moolman virtueel by die vergadering aansluit om 09:05.

***

**BKN003/05/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Op navraag van die Voorsitter meld die Direkteur Finansiële Dienste dat Reinhard van Siyanda die vergadering bywoon om vrae rakende **BKA029** "Afskryf van uitstaande verkeersboetes" te beantwoord.

***

**BKN004/05/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 23 APRIL 2024 EN DINSDAG 30 APRIL 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Dinsdag 23 April 2024 en Dinsdag 30 April 2024, bekragtig word.

***

**BKN005/05/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 23 APRIL 2024 EN DINSDAG 30 APRIL 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 23 April 2024 en Dinsdag 30 April 2024.

***

**BKN006/05/2024**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE: DINSDAG 30 APRIL 2024: VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: FINALE VERSLAG OOR EIS OP VOORTREKKERSTRAAT IN VELDDRIF VAN MEVROU TANYA IGESUND *(BKN079/04/2024)***
**5/12/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item kortliks in en spreek sy ongelukkigheid uit dat die item nie deel vorm van die agenda soos per besluit nie.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter doen 'n beroep op Direksie om alle besluite uit te voer wat geneem word in die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering en indien dit nie moontlik is nie, dit vooraf met die Uitvoerende Burgemeester bespreek moet word.

***DIREKSIE***

***(Raadslid Moolman ervaar konneksie probleme)***

**BESLUIT**

1. Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n volledige verslag voorlê by die spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Maandag 10 Junie 2024, wat al die feite deurgee van die situasie en 'n gemotiveerde aanbeveling ten einde 'n ingeligte besluit te neem; en
2. Dat die Direkteur Tegniese Dienste vir Mev. Tanya Igesund kontak om haar in kennis te stel dat hy addisionele inligting moet verkry en dat die item dus verwys word na die spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Maandag 10 Junie 2024.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN007/05/2024**
**TWEEDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 30 APRIL 2024: VERSEKERINGSEISE *(BKN081/04/2024)***
**5/12/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat 'n gesprek gevoer moet word rakende die funksies van die Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste in Bergrivier Munisipaliteit met spesifieke verwysing na die hulpverlening met Regsadvies in die munisipaliteit.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Finansiële Dienste en Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur 'n regsopinie verkry vanaf die Versekeringsprokureurs rakende 'n ander vorm van kompensasie indien die versekering nie uitbetaal nie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN008/05/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer rakende Saak 1 op die Register van ongerymdhede.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/05/2024**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

- Dat die Senior Klerk: Inkomste, mev. E Schreuder, oorlede is en word haar familie en die gemeenskap van Porterville sterkte toegewens in hierdie tyd;

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

- Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Hoof: Strategiese Dienste, mnr. A Kearns, vir sy goeie diens gelewer aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek waarna hy hom sterkte en voorspoed toewens met sy toekomsplanne; en
- Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Munisipale Bestuurder wat in haar hoedanigheid as "Municipal Electoral Officer" (MEO) opgetree het tydens die Verkiesings-tydperk.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:</u>

- Dat die Senior Klerk: Inkomste, mev. E Schreuder, oorlede is en word haar familie, kollegas en die gemeenskap van Porterville sterkte toegewens in hierdie moeilike tyd;
- Sy verwelkom die Raadslede terug na die Verkiesingstydperk en wens hul geluk met die verkiesingsuitslae; en
- Dat dit die Hoof: Strategiese Dienste, mnr. A Kearns, se laaste werksdag is en bedank die Munisipale Bestuurder hom vir sy goeie diens gelewer aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek. Voorts wens sy hom sterkte en voorspoed toe met sy toekomsplanne.

***

**BKN010/05/2024**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN011/05/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN012/05/2024**
**<u>PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur meld dat sy die Kapitaalspanderingsverslag aan die Komiteelede sal versprei na afloop van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering.

***BESTUURDER: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAAL-BESTUUR***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN013/05/2024**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: "SERVICE LEVEL AGREEMENT" (SLA) VIR BERGRIVIER TOERISME ORGANISASIE</u>**
**12/2/3/24**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

<u>Die onderstaande kwessies word uitgelig:</u>

- Dat die Administrasie 'n plan voorlê wat die behoefte rakende die tekort van kantoorspasie, met spesifieke verwysing na Velddrif en wat ook alternatiewe opsies vir die Toerismekantoor insluit;
- Dat daar 'n behoefte is om te versoek dat Bergrivier Toerisme Organisasie die gemeenskap meer moet bemagtig om in Toerisme aktief betrokke te raak;
- Dat alle addisionele insette en kommentaar, met verwysing na die strategiese rigting vir Toerisme voor/op Maandag 03 Junie 2024 aan die Bestuurder: Strategiese Dienste voorsien moet word;
- Dat 'n funksie van Toerisme moet wees dat dit 'n gemeenskaps georganiseerde organisasie moet word waar die gemeenskap meer betrokke is;
- Dat die Toerisme meer sigbaar is in Bergrivier Munisipale area veral by dorps markte en feeste ten einde Toeriste te lok na Bergrivier Munisipale area;
- Dat die moontlikheid ondersoek word om die herlewing van Toerisme by die kleiner dorpies in die Bergrivier Munisipale area terug te bring;
- Dat Toerisme die moontlikheid ondersoek om Bergrivier Munisipaliteit se fasiliteite (Stywelyne en Dwarskersbos strandoorde) te bemark; en
- Dat die herlewing van Toerisme by sportgeleenthede in die Bergrivier Munisipale area terug gebring moet word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN014/05/2024**
**<u>DRAFT AMENDMENT AND REVIEW OF THE INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) FOR THE 2024/25 FINANCIAL YEAR</u>**
**15/1/5/5**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Raadslede en Administrasie wat die Publieke deelnameproses bygewoon het asook die Strategiese Dienste departement vir die logistieke reëlings van die Publieke vergaderings.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the final amendment and review of the Fifth Generation IDP (2022 – 2027) for the 2024/25 financial year be approved given the attached memorandum outlining the need for the amendment in terms of Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000);
2. That confirmation be submitted to the Provincial Department of Local Government, Provincial Treasury, National Treasury and the West Coast District Municipality of the amendment and adoption of the IDP; and
3. That the Executive Mayoral Committee and Council specifically note that the approved MSDF (2024-2029) is hereby approved as a core component of the IDP.

***

**BKN015/05/2024**
**INFORMAL TRADING STALLS MANAGEMENT POLICY**
**14/B**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die onderstaande wysigings word voorgestel:

10.1.9

The application review panel may consist of staff members of the Strategic Services Department, Town Planning, Law Enforcement, *Economic Portfolio Committee Chairperson* and the Municipal Finance Department. The Head of Strategic Services on recommendation from the review panel, will draft a memorandum with a recommended list of successful applicants, for approval by the Municipal Manager as per 7.1.

11.2.4

The trader should *attempt to trade for* at least 4 days per week and 45 weeks of the year.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approves the Bergrivier Informal Trader Stalls Management policy.

***

***(Die Hoof: Strategiese Dienste verlaat die vergadering om 10:18)***

**BKN016/05/2024**
**SIME (STRATEGIC INTEGRATED MUNICIPAL ENGAGEMENT) - 15 MAY 2024**
**15/1/5/5**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee study the SIME assessment for Bergrivier Municipality done by Provincial Government, (attached as Annexure A & B in the Agenda); and

2. That the Executive Mayoral Committee notes the response by the professional administration presented (Annexure C in the Agenda) and discussed with a dedicated team from Province on 15 May 2024 (as part of the Growth Corridor Municipalities).

***

**BKN017/05/2024**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: APRIL 2024**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for April 2024.

***

**BKN018/05/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN019/05/2024**
**ADJUSTMENT BUDGET 2023/2024**
**5/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

a. That the mid-year (third) annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2023/2024, be approved:

i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification)

ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote)

iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source)

iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding

v. Table B6: Budgeted Financial Position

vi. Table B7: Budgeted Cash Flow

vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation

viii. Table B9: Asset Management

ix. Table B10: Basic service delivery measurement

x. Supporting Tables SB1 – SB 20

b. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***

**BKN020/05/2024**
**<u>FINAL BUDGET 2024/2025, 2025/2026 AND 2026/2027</u>**
**5/1/2**
***(The 2024/25 to 2026/27 Medium Term Revenue and Expenditure Framework was tabled at the meeting as previously distributed electronically)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester hou die aanbeveling voor aan die Komiteelede waarna hy die Munisipale Bestuurder, Direkteure, Begrotingsloodskomitee en Begrotingskantoorpersoneel bedank vir hul insette by die finale begroting.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die beantwoording van publieke insette soos verkry rakende die GOP en Finale Begroting.

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

1. The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of Section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:

a. The annual budget of the municipality for the financial year 2024/25 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:

i. Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;

ii. Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;

iii. Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) – Table A4; and

iv. Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5.

b. The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve/accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables:

i. Budgeted Financial Position – Table A6;

ii. Budgeted Cash Flows – Table A7;

iii. Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;

iv. Asset management – Table A9; and

v. Basic service delivery measurement – Table A10.

2. The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2024:

a. the tariffs for property rates;
b. the tariffs for electricity;

c. the tariffs for the supply of water;
d. the tariffs for sanitation services; and
e. the tariffs for solid waste services.

3. The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of Section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2024 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document.

4. That Council specifically take note of the fact that the proposed electricity charges and tariff structure is subject to NERSA approval that may change from that stated in the tariff listing.

5. To give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of Bergrivier Municipality approves:

a. That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations;

b. That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2024/25 financial year limited to an amount of R 23,375 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act; and

c. That the Municipal Manager be authorised to sign all necessary agreements and documents to give effect to the above lending programme.

6. That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts the following existing and new policies:

a. Asset Management Policy;
b. Cash Management and Investment Policy;
c. Credit Control and Debt Collection Policy;
d. Indigent policy;
e. Property Rates Policy and By-law;
f. Tariff Policy;
g. Virement Policy;
h. Supply Chain Management Policy;
i. Borrowing Policy;
j. Funding, Reserves and Long-Term Financial Planning Policy;
k. Budget Implementation and Monitoring Policy;
l. Petty Cash Policy;
m. Creditors, Councillors and Staff Payment Policy;
n. Cost Containment Policy;
o. Preferential Procurement Policy;
p. Corporate, Social, Investment and Relief Policy;
q. Reduction plan for Consultants;
r. UIFW Policy;
s. Writing off of Irrecoverable Debt Policy; and
t. Inventory Management Policy.

7. That the service level standards attached as Annexure “D” be approved;

8. That where the tariff and other policy revisions necessitate amendments to relevant By-laws, the amendments be effected and made public in accordance with Section 75A of the Municipal Systems Act, (Act 32 of 2000); and

9. That the staff establishment and organogram be revised to make provision for all approved posts that are budgeted for.

***

**BKN021/05/2024**
**<u>NEW LONG TERM BORROWING APPROVAL MTREF 2023/24 – 2025/26</u>**
**5/5/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the capital projects and subsequent expenditure reflected in table 1 as approved in the 2023/2024 budget and MTREF be noted;

2. That approval be granted to raise long term debt in the amount of R29,791,500.00 to finance the capital projects contained in table 1 in respect of the 2023/24 financial year;

3. That Council take note of the proposed debt repayment terms and debt repayment schedules attached as Annexure “A”;

4. That Council take note of the anticipated total cost associated with the long term debt over the repayment period as per the attached Annexure “A”;

5. That Council take note that no security will be pledged for the intended borrowing; and

6. That the Municipal Manager be authorized to sign all relevant documentation necessary for the execution of recommendation (2) above.

***

**BKN022/05/2024**
**WRITING OFF OF OLD STATEMENT OF FINANCIAL POSITION BALANCES FOR THE CLOSE OF THE FINANCIAL YEAR ENDING 30 JUNE 2024**
**5/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council takes note of the report; and

2. That Council approves the write off, of items 1 to 4, based on no movements that took place on these votes since 2019 and that there is no financial impact to the Municipality, but mere an accounting correction;

   Item 1: R 119 546.10;

   Item 2: R 128 213.53;

   Item 3: R 738 785.53; and

   Item 4: R 783 010.41

***

**BKN023/05/2024**
**TABLING OF A REPORT ON THE AUCTIONING OF REDUNDANT ASSETS (FURNITURE AND EQUIPMENT) IN PIKETBERG**
**6/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the report;
2. That the assets was sold per public auction on 08 May 2024 in Piketberg; and
3. That assets that can be used in the upliftment of the community be identified prior to the auction and redirected to alleviate the plight of the community without negatively impacting on service delivery.

***

**BKN024/05/2024**
**QUARTERLY & MONTHLY BUDGET STATEMENT: MARCH 2024**
**5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for March 2024.

***

**BKN025/05/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: MARCH 2024**
**5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the March 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN026/05/2024**
**INKOMSTEVERBETERINGSTRATEGIE**
**5/19**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die publiek klagtes gerapporteer het rakende aansoekers wat outomaties kwalifiseer vir Deernis (wat 'n ongeskiktheid of pensionaris-toelaag ontvang by SASSA). Dit hou verband met met hul munisipale rekeninge en addisionele inligting wat verskaf moet word (bv. bewys van almal in die huis se loonstrokies). Daar word versoek dat die situasie deur die Direkteur Finansiële Dienste aangespreek moet word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat daar 'n in-diepte gesprek gevoer moet word rakende die Skuldinvorderingsbeleid met verwysing na die skrywe aan die publiek oor die blok van elektrisiteit by die munisipale rekeninge wat 'n ooreenkoms aangegaan het en dit nie nakom nie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing om alternatiewe maatreëls in plek te stel deur agterstallige rekeninghouers telefonies te skakel, na maandeinde vir die nie-betaling van hul munisipale rekening, om 'n reëling / ooreenkoms te tref ten einde te verhoed dat die munisipale rekening agterstallig word.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n uitklaring gee rakende die 95% betalingskoers, wat dit behels, en/of dit gebaseer is op die huidige munisipale rekeninge asook of dit agterstallige munisipale rekeninge insluit. ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat Deernisbeamptes aangewend word om die Deernisgevalle tuis te besoek om hul inligting te bekom vir hul aansoek vir deernis op hul munisipale rekening. ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

'n Bespreking vind plaas rakende die lewering van dienste op privaat gronde. Die Munisipale Bestuurder versoek dat 'n in-diepte bespreking gefasiliteer moet word rakende die probleemareas, risiko's, die moontlike oplossings en wat die koste-implikasie insluit, met spesifieke verwysing na die waterverskaffing aan privaat eiendom op Morawiese dorpe en Bergrivier Munisipale plase.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die inhoud van die verslag en die opgedateerde aksieplan asook gewysigde teikendatums.

***

**BKN027/05/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN028/05/2024**
**FUNKSIEVERDELING INSAKE MUNISIPALE OPENBARE GERIEWE**
**4/7/4**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, spreek sy ongemak uit rakende die item wat voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in waarna hy meld dat Korporatiewe Dienste die aansoek huidig hanteer.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die bestuur van die meentgrond funksie aangespreek moet word in die lys van goedgekeurde Delegasies.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die volgende Formele Direksievergadering ten einde daar uitklaring te kry rakende die bestuur van die meentgrond funksie; en ***MUNISIPALE BESTUURDER***
2. Dat indien daar nie konsensus bereik word by die Formele Direksievergadering nie, die volledige goedgekeurde lys van Delegasies asook die goedgekeurde makro-funksies by die Uitvoerende ***MUNISIPALE BESTUURDER***

Burgemeesterskomitee en Raad voorgelê word vir oorweging en besluitneming rakende die bestuur van die meentgrond funksie.

***

**BKN029/05/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN030/05/2024**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE VERKEERSBOETES**
**17/10/1**

Die Hoof: Verkeersdienste en Wetstoepassing lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat daar van alternatiewe metodes gebruik gemaak word om die uitstaande verkeersboetes aan te spreek.

Raadslid Daniels rig 'n versoek dat die afskryf van uitstaande verkeersboetes vroeër hanteer word in die finansiële jaar aangesien die boetes van Januarie tot Desember gehef word.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

Die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder versoek dat 'n kostebepaling verslag voorgelê word by die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering vir verwysing na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee rakende die jaarlikse fondse wat ingewin word deur TMT vir die uitstaande verkeersboetes, die totale hoeveelheid wat gehef is vir uitstaande verkeersboetes, watter persentasie oninbaar is, die totale uitgawes wat aangegaan is (bv. betaling van die diensverskaffer TMT asook die addisionele betaling vir die munisipale amptenare wat oortyd werk) ten einde te bepaal of dit koste-effektief vir Bergrivier Munisipaliteit is om uitstaande verkeersboetes in te win.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die afskryf van die uitstaande boetes as swak skuld, goedgekeur word; en

2. Dat die afskrywing nie op Raadslede, Direkteure en alle personeel van toepassing is nie.

***

**BKN031/05/2024**
**REVIEW OF THE FIRE SAFETY BY-LAW**
**17/11/B**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the draft By-law relating to fire services attached hereto as Annexure A be approved for public comment; and

2. That this draft By-law be published for public comment in the relevant provincial gazette for a period of at least 30 days, at the conclusion of which it will be tabled for final approval by Council.

***

***(Reinhard van Siyanda verlaat die vergadering om 12:30)***

**BKN032/05/2024**
**TOEKEN VAN ERF: VLOTMAN GESIN, VELDDRIF**
**17/15/1**

Die Hoof: Behuisingsadministrasie lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy ongelukkigheid rakende die uitsondering wat gemaak was met die Vlotman gesin.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***(Die Direkteur Korporatiewe Dienste word om 12:40 met toestemming verskoon.)***

**BESLUIT**

1. Dat die Toekenningsbeleid na die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering, Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad verwys word vir hersiening van die beleid ten einde voorsiening te maak om 'n erf van Bergrivier Munisipaliteit toe te ken aan die Vlotman gesin, op 'n meriete geval; en

2. Dat die toepassing van die Toekenningsbeleid rakende die onwettige bewoners in geheel konsekwent aangespreek moet word en nie op uitsonderlike gevalle nie.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN033/05/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN034/05/2024**
**PRIORITIES FOR WSIG GRANT APPLICATIONS FOR 2024/2025, 2025/2026 AND 2026/2027**
**5/7/6**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**
That Council approve of the following projects for WSIG Grant funding for the 2025-2026, 2026-2027 and 2027-2028 financial years to allow for sufficient time to:

- Appoint Consultants;
- Compile Technical Reports;
- Compile Business Plans; and
- Obtain approval for WSIG funding.

| PRIORITY | PROJECT | PRIORITIES TEN YEAR PLAN | TOWN | COST ESTIMATES X R $10^6$ | FUNDING | 2024-25 X R $10^6$ | 2025-26 X R $10^6$ | 2026-27 X R $10^6$ | 2027-28 X R $10^6$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | Upgrade WWTW | Piketberg WWTW – Maturation river | PB | R 19 | WSIG | R 10 | WORK IN PROGRESS | | |
| 5 | Reservoir | Eendekuil Reservoir | EK | R 5 | WSIG | | R 7 | | |
| 7 | Upgrade WTW | Eendekuil WTW | EK | R 6 | WSIG | | R 6 | | |
| 9 | Upgrade WTW | Aurora WTW | AU | R 5 | WSIG | | | R 5 | |
| 11 | New WWTW | Redelinghuis WWTW Oxidation Ponds | RH | R 15 | WSIG | | | | R 15 |
| 12 | New WWTW | Aurora WWTW Oxidation Ponds | AU | R 15 | WSIG | | | R 15 | |
| | | | | R 65 | | R 10 | R 13 | R 20 | R 15 |

***

**BKN035/05/2024**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN036/05/2024**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN037/05/2024**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:31***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***